

# Dag 8 - Rut



**Inleiding:** Neem 'n papier en sny vir elkeen 'n hart daaruit. Skryf op die hart die volgende vers: Rut 1 vers 16: Waar jy gaan, sal ek gaan. Jou God is ook my God.

**Woord:** Rut 1 - 4

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



## Lees die storie van Rut en Naomi in julle Bybel.

Nadat Rut se man het gesterf het, het sy besluit om haar skoonma op te pas. Toe haar skoonma besluit om terug te gaan na haar eie land, het sy vir Rut toestemming gegee om agter te bly by haar eie familie, in haar eie land.

Rut wou niks weet nie en het vir Naomi gesê: *“Moet asseblief nie by my aanhou dat ek van Ma af moet weggaan nie. Oral waar Ma gaan, sal ek ook gaan. Waar Ma gaan bly, daar gaan ek ook bly. Ma se mense, is my mense. Ma se God, is my God. En daar waar Ma eendag doodgaan, daar sal ek ook doodgaan en begrawe word.”*

Rut het op 'n familielid van Naomi, Boas, se plaas gaan werk. Hy was goed vir hulle en Rut is later met Boas getroud. Hulle het 'n babaseuntjie gehad. Sy naam was Obed. Hy het baie kinders en kleinkinders gehad. Een van hulle was Koning Dawid, die grootste koning wat Israel ooit gehad het.



**Gesels oor die volgende vrae:**

1. Weet julle wat is 'n skoonma?
2. Wie is jou ma of pa se skoonma?

In hierdie storie leer ons van lojaliteit. Rut was lojaal aan Naomi tot die dood toe. Sy het by Naomi van God geleer en wou haar oral volg.

3. Weet jy wat dit beteken om lojaal teenoor jou gesin te wees?
4. Hoe kan jy lojaal teenoor jou skool wees?

**Gebed**

Liewe Heer, help my om lojaal te wees teenoor U, my familie en my vriende.

**Aktiwiteit 1**

Versier die bladsy met die bybelvers en plak dit op teen jou deur. Onthou elke dag as jy daarna kyk dat God altyd lojaal teenoor ons is en ons altyd sal liefhê. Rut het baie opgeoffer en God het haar geseën deur vir haar 'n wonderlike familie te gee.

**Aktiwiteit 2**

Ons maak maklike broodrolletjies.

Jy benodig: 1k melk, 2k bruismeel, 4E mayonnaise en 1t sout.


Meng alles en skep dit in 'n kolwyntjiepan. Bak dit vir 15 minute!

Daar sal genoeg deeg wees vir 12 rolletjies! Geniet dit!



Rut 1 vers 16: Waar jy gaan, sal ek gaan.

Jou God is ook my God.



Rut

